



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

VOORWOORD

- Boodskap van die voorsitter
- 31 Desember 2015
Finansiële State en Aktuariële Waardering
- Verandering van die Buitelandse Beleggingsbestuurders
- Beleggings
- Veranderinge aan die beleggingstrategie
- In-Fonds Lewende Annuïteitsopsie
- Uitgestelde aftrede
- Finansiële advies
- Retirement Fund Web, u toegangsportaal tot USAF
- Kontakbesonderhede

Boodskap van die Voorsitter

2016 snel voort en dit is moeilik om te glo dat net die laaste kwartaal van die jaar nog voorlê.

In die nuusbrieff van Februarie 2016 het ons gewaarsku dat opbrengsverwagtinge aangepas moet word.

Sedertdien het plaaslike ekonomiese vooruitsigte nie verbeter nie en internasionaal het die onttrekking van die Verenigde Koninkryk uit die Europese Unie (Brexit) nuwe uitdagings teweeggebring. Ten spyte van die uitdagings het die opbrengste van USAF se Groeiportefeulje, in vergelyking met die ooreengekome maatstawwe, 'n merkbare verbetering getoon. Na ondersoek deur die onderskeie subkomitees van die Raad van Trustees is die volgende belangrike besluite sedert Februarie 2016 geneem:

- In Maart 2016 het die Raad van Trustees besluit om die beleggingsbestuurders wat USAF se buitelandse bates bestuur, Contrarius en Orbis, deur 'n multi-bestuurde portefeulje, die Diversified Global Balanced Portfolio, te vervang.

Ten spyte van die uitdagings het die opbrengste van die Groeiportefeulje van USAF, gemeet teen die ooreengekome maatstawwe, 'n merkbare verbetering getoon.

- Die Nasionale Tesourie het in Julie 2015 voorgestelde regulasies vir die implementering van verstekopsies vir kommentaar uitgereik. Wanneer hierdie regulasies in werking tree, sal alle aftreefondse onder meer 'n verstek-annuïteitopsie aan lede moet bied. Die Raad van Trustees het egter die regulasies vooruitgeleë en in Julie 2016 besluit om kostedoeltreffende in-fonds lewende annuïteite (living annuities) aan lede na aftrede beskikbaar te stel.

- Die implementering van die in-fonds lewende annuïteite het tot gevolg gehad dat die bestaande lewensfase-beleggingstrategie ook hersien is.

Meer besonderhede hieroor volg later in die nuusbrieff. Sterkte vir die res van die jaar.

Adv. Fran du Plessis
Voorsitter



Finansiële State

Die geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2015 is gedurende Mei 2016 aan die audit- en risiko-subkomitee van Raad van Trustees voorgelê. USAF se eksterne ouditeure, PwC, het 'n ongekwalifiseerde auditverslag uitgereik. Die Raad van Trustees het op aanbeveling van die audit- en risiko-subkomitee die finansiële state goedgekeur en

die finansiële state is voor die keurdatum, 30 Junie 2016, by die Raad op Finansiële Dienste ingedien.

Aktuariële Waardering

'n Aktuariële waardering word jaarliks, na ontvangs van die geouditeerde finansiële state op die fondsjaareinde 31 Desember, uitgevoer om die finansiële gesondheid van die Fonds te bepaal. Die 31 Desember

2015 aktuariële waardering is gedurende Julie 2016 aan die Raad van Trustees voorgelê. In die waarderingsverslag het die aktuaris bevestig dat USAF in 'n finansiële gesonde toestand verkeer met 'n befondsingsvlak van 100.04%. Die waarderingsverslag is deur die Raad van Trustees goedgekeur en word aan die Raad op Finansiële Dienste voorsien.

Verandering van die Buitelandse Beleggingsbestuurders

Gedurende Maart 2016 het die Raad van Trustees op aanbeveling van die beleggingssubkomitee besluit om Contrarius en Orbis deur 'n multi-bestuurde buitelandse portefeulje, die Diversified Global Balanced Portfolio (DGBP), te vervang. Die DGBP word op die Sygnia-beleggingsplatform bestuur en WillisTowersWatson is verantwoordelik vir die aanstelling van die onderliggende batebestuurders van die portefeulje. Lede wat verkies om nie aan die

lewensfase-beleggingstrategie deel te neem nie, se volle fondskrediete word voor aftrede in die Groeiportefeulje belê. Lede wat die lewensfase-beleggingstrategie volg, het ook gedurende die laaste drie jaar voor aftrede blootstelling aan die Groeiportefeulje. In die verlede het die markposisies wat Contrarius en Orbis ingeneem het tot groot wisselings in die opbrengste van die Groeiportefeulje gelei, wat nie gewens was vir lede wat naby aftrede is nie. Die besluit om Contrarius en Orbis te vervang

moet geensins as 'n mosie van wantroue in Contrarius en Orbis se vermoëns as batebestuurders beskou word nie, en is die gevolg van die Raad van Trustees se soeke na 'n buitelandse portefeulje wat minder wisselvallige opbrengste lewer. 'n Feitebladsy van die DGBP Portefeulje word op USAF se aanlynportaal, Retirement Fund Web, beskikbaar gestel. Die bates word by wyse van vier kwartaallikse oordragte oorgeplaas, waarvan die eerste in Mei 2016 en die laaste op 1 Desember 2016 sal plaasvind.



Beleggings

Die tabel hieronder som die Groeiportefeulje se opbrengste oor verskillende tydperke tot 30 Junie 2016:

Periode	Groeiportefeulje	Inflasie	Inflasie plus 5%	Portuurgroep-mediaan*	Portuurgroep-topkwartiel**
3-maande	2.98%	1.76%	2.99%	0.92%	1.43%
6-maande	9.70%	4.21%	6.68%	2.97%	3.83%
12-maande	11.68%	6.12%	11.12%	6.37%	7.38%
36-maande	13.62% p.j.	5.77% p.j.	10.77% p.j.	12.03% p.j.	13.05% p.j.
60-maande	15.68% p.j.	5.70% p.j.	10.70% p.j.	13.75% p.j.	15.10% p.j.

* Die portuurgroep-mediaan is die beleggingsbestuurder wat in die middel van sy portuurgroep presteer het. Dit gee 'n aanduiding van hoe ander aftreefondse oor die tydperke kon gevaar het. Die portuurgroepmaatstawwe word van die Alexander Forbes-opname afgelei.

**Die portuurgroep-topkwartiel is die beleggingsbestuurders wat beter gevaar het as driekwart van hulle portuurgroep.

Dit is verblydend dat die opbrengste van die Groeiportefeulje oor al die meetingsperiodes beter as die topkwartiel-

portuurgroep gevaar het. Dit is grootliks die gevolg van 'n verbetering van die opbrengste van die buitelandse beleggingsbestuurders. U word

egter aangeraai om nie te veel klem op die korttermyn-opbrengste te lê nie en liever op die langtermyn-opbrengste te fokus.

Vir meer inligting omtrent die opbrengste van die onderliggende beleggingsportefeuljes besoek asseblief <http://www.retirementfundweb.co.za>.

Veranderinge aan die beleggingstrategie

Bykomende beleggingsportefeuljes voor aftrede

Die beskikbaarstelling van in-fonds lewende annuïteite beteken dat die Raad van Trustees die beleggingstrategie vanaf 1 Januarie 2017 gaan hersien. Tot op ouderdom 53 bly die beleggingstrategie onveranderd, naamlik 100% Groeiportefeulje. Vanaf ouderdom 53 word drie bykomende beleggingsportefeuljes beskikbaar gestel:

- 'n Multi-Bestuurde Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje; en
- 'n Multi-Bestuurde Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje; en
- 'n Multi-Bestuurde Portefeulje wat verskansing teen rentekoersskommeling bied.

Die Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje en die Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje is as onderliggende portefeuljes vir aktiewe lede vanaf ouderdom 53 beskikbaar, en is geskik vir die in-fonds lewende annuïteite, asook vir die aankoop van lewende annuïteite buite die Fonds. Die Portefeulje wat verskansing teen rentekoersskommeling bied, is geskik vir die aankoop van gewaarborgde annuïteite buite die Fonds by aftrede.

'n Nuwe lewensfase beleggingstrategie


Die huidige lewensfase-strategie bepaal dat 4% van u fondskrediet per kwartaal vanaf 1 Januarie, van die jaar

Die volgende beleggingskeuses is dus vanaf ouderdom 53 aan lede beskikbaar:



waarin u 63 word, van die Groeiportefeulje na die Kapitaalbeskerdings-portefeulje oorgeplaas word om by aftrede 'n 52%/48%-verdeling tussen groei en kapitaalbeskerming by aftrede moontlik te maak. Hierdie bateverdeling en die infaseringperiode is deur die trustees hersien om beter te pas by die in-fonds lewende annuïteitstrategie. Die Raad van Trustees het daarom besluit om die infaseringperiode van drie tot ses jaar te verleng en die Groei- en Kapitaalbeskerdingsportefeuljes deur Multi-bestuurde Aggressiewe en Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeuljes te vervang. Die nuwe lewensfase-strategie bepaal dat vanaf 1 Januarie in die jaar waarin die lid ouderdom 60 bereik, die volle fondskrediet by wyse van 25 kwartaallikse

skuiwe uit die Groeiportefeulje in gelyke dele na die Aggressiewe en Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeuljes oorgeplaas word, sodat die fondskrediet by aftrede ten volle in gelyke dele in die twee Absolute Opbrengsportefeuljes gehou word. Lede sal soos voorheen keuses buite die nuwe lewensfase-strategie kan uitoefen, en het nou meer opsies as voorheen. Die nuwe lewensfase-beleggingstrategie het 'n potensiële impak op lede wat tans deelneem aan die ou lewensfase-beleggingstrategie, asook lede tussen ouderdom 59 en 62. Die oorgang sal noukeurig bestuur word met gefokusde kommunikasie wat lede sal help om te besluit. Die nuwe lewensfase-strategie word hier langsaan grafies verduidelik.



In-Fonds Lewende Annuïteitsopsie

Die USAF in-fonds lewende annuïteite bied u 'n ononderbroke oorgang van bydraende lid na pensioenaris. Indien u kies om aan die in-fonds lewende annuïteite deel te neem, hoef u nie die Fonds by aftrede te verlaat nie. Die bedrag wat u vir aftrede as lid van USAF gespaar het, en wat nie as 'n kontantenkelbedrag geneem gaan word nie, word gebruik om vir u 'n maandelikse pensioen te koop. USAF bied nou 'n verstek- sowel as 'n keuse-opsie (customised option) ten opsigte van lewende annuïteite. Die verstekopsie verteenwoordig die siening van die Raad van Trustees wat die beste vir die gemiddelde lid is, die onttrekkingskoerse is vas en geen beleggingskeuse word toegelaat nie. Daarenteen bied die keuse-opsie beleggingskeuse en meer buigsaamheid ten opsigte van onttrekkingskoerse. 'n Pensioenaris mag wel tussen die verstek- en die keuse-opsie beweeg. In-fonds pensioenarisse mag ook op enige tydstip ná aftrede na 'n eksterne oplossing beweeg. In beide die verstek- en die keuse-opsie trek u voordeel uit mededingende administrasie- en beleggingsfooie. Die verwagting is dat batebestuur en administrasie minder as 1% (BTW ingesluit) per jaar van bates sal beloop, wat uiters goed vergelyk met die koste in die individuele mark. Die trustees van USAF is ook verantwoordelik om toe te sien dat die

Gefokusde kommunikasie aangaande die in-fonds lewende annuïteite gaan aan lede, wat Desember 2016 aftree, gestuur word en inligtingsessies sal deur die voordeelkonsultante aangebied word.

onttrekkingskoerse uit die in-fonds lewende annuïteite volhoubaar is, en sal u van tyd tot tyd help om ander alternatiewe te oorweeg. Die trustees het toegang tot professionele advies om hulle met die oorsig en bestuur van die in-fonds lewende annuïteite by te staan. Die opsie vir individue om voortgesette finansiële advies van die paneel van goedgekeurde diensverskaffers te ontvang, is ook beskikbaar. 'n Reëlwysiging word tans aan die Fondstreëls aangebring om vanaf 1 Januarie 2017 vir die in-fonds lewende annuïteite voorsiening te maak. Gefokusde kommunikasie aangaande die in-fonds lewende annuïteite sal gestuur word aan lede wat in Desember 2016 aftree, en inligtingsessies sal deur die voordeelkonsultante aangebied word.

Uitgestelde aftrede

Baie min mense verstaan die Buitdagings wat vroeë aftrede meebring. Indien 'n lid aftrede uit die Fonds vir vyf jaar uitstel, kan dit 'n groot impak op die waarde van die maandelikse pensioen by aftrede hê. Indien u op ouderdom 65 'n geprojekteerde pensioen van 55% van u pensioengewende salaris het, kan die projeksie byvoorbeeld styg tot 77% indien aftrede met vyf jaar uitgestel word.

U word daaraan herinner dat u die keuse het om op die normale aftree-ouderdom, of by vroeë aftrede, u aftrede uit die Fonds uit te stel.

Hoe werk dit? Indien u uitgestelde aftrede toepas wanneer u by die Universiteit uit

diens aftree, bly u fondskrediet in die Fonds belê terwyl u inkomste uit 'n ander bron bekom.

U kan daarna besluit wanneer u uit die Fonds wil aftree, of anders gestel, wanneer u dit kan bekostig.

Die Universiteit het ook toestemming verleen dat werknemers wat uitgestelde aftrede uitgeoefen het en ná aftrede weer tydelik in diens geneem word, kan voortgaan om bydraes tot die Fonds te lewer.


Hierdie bydraes sal egter nie deur die werkgever as 'n belastingaftrekking toegelaat word nie.

Indien u uitgestelde aftrede toepas en daarna te sterwe kom, ontvang u afhanklikes slegs die

opgelope fondskrediet in die Fonds, aangesien die versekerde doodsvoordele staak wanneer u by die Universiteit uit diens aftree.

Die maandelikse administrasiefooie sal van u fondskrediet verhaal word en u sal steeds deur die Fonds se toegangsportaal, Retirement Fund Web, tot u fondsinligting toegang hê totdat u uiteindelik uit die Fonds aftree.

Deur uitgestelde aftrede uit te oefen, sal u steeds voordeel trek uit die skaalvoordele wat van toepassing is op die Fonds se administrasie- en beleggingsfooie. Vanaf ouderdom 55 het lede die volgende keuses indien aftrede by US oorweeg word:



Indien u belangstel om uitgestelde aftrede uit te oefen, kan u vir mnr. Peter Kirsten van die Vergoedings- en Voordele-afdeling skakel om meer inligting te bekom.

Finansiële advies

U aandag word weereens daarop gevestig dat USAF 'n gratis finansiële adviesdiens aan lede bied. Lede van ouderdom 53 en ouer het toegang tot die diens. Veral lede wat oorweeg om vroeg af te tree en daarom individuele beleggingskeuses wil uitoefen, word aangemoedig om van die adviesdiens gebruik te maak.

Die paneel van voorkeur-diensverskaffers is:

Alexander Forbes Financial Planning Consultants:
+27 (0) 21 809 3750 / wesselsw@aforbes.co.za

Efficient Wealth:
+27 (0) 21 914 8030 / martin@efw.co.za

FinFocus:
+27 (0) 21 861 7000 / usafadvies@finfocus.co.za

Graviton:
+27 (0) 21 883 9192 / arissik@gravitonwm.com

Sanlam Finansiële Advies:
+27 (0) 21 947 1291 / karl.parks@sanlam.co.za

USAF betaal vir twee konsultasies by een van die voorkeur-diensverskaffers. Die eerste konsultasie kan enige tyd vanaf ouderdom 53 plaasvind en die tweede wanneer u aftree. Dit is eenvoudig om van die voordeel gebruik te maak. Volg net hierdie stappe:

1. Besluit op 'n diensverskaffer.
2. Kontak Menslike Hulpbronne (Charné Pool by +27 (0) 21 808 9271 / charnep@sun.ac.za) om 'n konsultasie-koepon te bekom.
3. Maak daarna 'n afspraak met u gekose diensverskaffer en neem die koepon saam as bewys dat u die diens mag gebruik.

Retirement Fund Web, u toegangsportaal tot USAF

Retirement Fund Web gee u 24 uur per dag toegang tot u eie fondsinligting. Wanneer u aanteken op Retirement Fund Web, word u verwittig van nuwe inligting wat beskikbaar is.

Op Retirement Fund Web kan u toegang kry tot:

- die pensioenberekenaar (retirement calculator);
- u fondswaardes en voordelestaat;
- 'n lidmaatskapsertifikaat;
- die maandelikse beleggingsverslag van die Fonds;
- die kwartaallikse opsomming van die Groeiportefeulje; en
- ander fondsinligting.

U word aangemoedig om die pensioenberekenaar te gebruik om 'n toepaslike bydraekoers vir die komende jaar te bepaal. Hoe verkry ek toegang tot die webwerf? U word nou na Sanlam Secure Service se webblad herlei wanneer u <https://www.retirementfundweb.co.za/> besoek. Hier word u gevra om die stap vir stap registrasiegids te gebruik. Dit is deel van Sanlam se digitale strategie om u via een portaal toegang te gee tot al u versekerings- en spaarprodukte by Sanlam.

Belangrike kontakbesonderhede

Indien u meer inligting omtrent USAF nodig het, kan u die Vergoedings- en Voordele-afdeling of die Voordeelkonsultant kontak. Kontak asseblief die hoofbeampte indien u enige klagtes aangaande USAF het.

Hoofbeampte

Japie Kotze

Tel: (021) 808 2754

Faks: (021) 808 2484

E-pos: jjsk@sun.ac.za

Voordeelkonsultant

Ian Nieuwoudt

Tel: (021) 912 3315

Faks: (021) 912 3341

E-pos: ian@simekaconsult.co.za

Vergoedings- en Voordele-afdeling

Peter Kirsten

Tel: (021) 808 3740

Faks: (021) 808 2484

E-pos: pkirsten@sun.ac.za

Pensioenfondsbereger (PFB)

E-pos: enquiries@pfa.org.za

Lede kan die PFB nader indien hulle klagtes nie voldoende deur die Fonds aangespreek is nie. Raadpleeg asseblief die PFB se webblad (<http://www.pfa.org.za>) vir meer besonderhede

